

6/12

SAAKNOMMER 474/91

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
APPÊLAFDELING

In die saak tussen:

SAMUEL VAN RANSEN

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

CORAM:

JOUBERT, MILNE ARR et HOWIE Wn AR

VERHOOR:

21 FEBRUARIE 1992

GELEWER:

5 MAART 1992

UITSpraak

HOWIE Wn AR: Die huis te Kennedystraat 171, Kenilworth, Johannesburg is die woning van mev Maria Hickman ("die klaagster"). Haar huisbediende, Christinah Radebe ("die oorledene"), het 'n kamer op die perseel bewoon. Gedurende die laat namiddag van 30 Januarie 1988 het appellant, wat op vorige geleenthede daardie maand los werkies vir die klaagster in haar tuin gedoen het, oor die muur rondom die klaagster se tuin geklim en die agterplaas binnegetree. Nie lank daarna nie het die klaagster hom naby die hek raakgesien toe sy uitgegaan het om perskeskille in die vullisdrom te gooi. Sy het vir hom gevra wat hy daar gesoek het. Sonder om 'n woord te uiter, het hy na haar toe gestap en haar begin wurg. Die klaagster, wat toe 78 jaar oud was, het as gevolg van die aanval haar ewewig begin verloor en na die oorledene om hulp geroep. Appellant het egter in die aanranding volhard en sy het op die grond beland. Gelukkig vir haar het sy die voorval oorleef omdat sy kort daarna bewusteloos geraak en stil gelê het waarop appellant haar gelos het. Die oorledene, wat net vier

jaar jonger as die klaagster was, het laasgenoemde hoor roep. Toe sy op die toneel opgedaag het, het appellant haar te lyf gegaan en haar doodgewurg. Hy het daarna die huis binnegegaan en klaagster se handsak, draadloos en polshorlosie gesteel asook verskeie voedselware.

Appellant is op 13 Februarie 1988 in hegtenis geneem. Hy het twee maande later in die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling voor O'Donovan WR en twee assessore op klagtes van poging tot moord, moord en roof met verswarende omstandighede tereggestaan. Hy is op al drie aanklagte skuldig bevind. Geen versagtende omstandighede is ten aansien van die moord bevind nie en hy is die doodvonnis opgelê. Vonnisse van 8 jaar gevangenisstraf is op elkeen van die ander klagtes opgelê welke strawwe beveel is om saam te loop.

Aansoeke tot beide die Verhoorhof en die Hoofregter om verlof om te appelleer, het misluk.

Appellant se doodvonnis is mettertyd heroorweeg deur die paneel aangestel kragtens Wet 107 van 1990. Die paneel het gemeen dat indien die bepalings van daardie Wet ten tye van die verhoor gegeld het die doodvonnis waarskynlik opgelê sou gewees

het. Derhalwe is gemelde vonnisaangeleentheid nou voor hierdie Hof.

Voor ons het mnr Jammy (wat nie by die verhoor verskyn het nie) namens appellant aan die hand gedoen dat die volgende faktore wesenlik versagtend is: eerstens, die feit dat appellant nie veel ouer nie as 20 was toe die misdryf gepleeg is; tweedens, appellant se gebrek aan enige skoolopleiding en die feit dat hy 'n patetiese swerwersbestaan gevoer het; derdens dat appellant na die klaagster se huis gegaan het met die doel om te steel en nie om geweld te pleeg nie; en, vierdens, dat appellant by die tersaaklike stadium tot 'n mate onder die invloed van sterk drank was.

Namens die Staat het mnr Fourie betoog dat die Verhoorhof se bevinding dat appellant met **dolus directus** opgetree het, die aard van hierdie moord en die toename in dodelike aanvalle op bejaarde persone in hul eie wonings, die vergeldings- en afskrikkingselemente van vonnisoplegging in die onderhawige geval deurslaggewend maak.

Aangaande appellant se ouderdom het sy stiefsuster getuig dat sy self in 1966 gebore is en dat

hy ouer was as sy. Sy is nie in hierdie opsig verder ondervra nie. By die aanvang van appellant se eie getuienis is dit deur sy advokaat direk aan hom gestel dat hy op 15 Junie 1967 gebore is. Hy het bevestigend geantwoord. Geen poging is namens die vervolging aangewend om laasgenoemde "bewering" te toets of te weerlê nie en by die betoogstadium ten opsigte van vonnis het die advokaat namens die Staat uitdruklik aanvaar dat appellant 20 jaar en 6 maande oud was toe die moord gepleeg is. In hierdie omstandighede en in die afwesigheid van enige ondersoek met betrekking tot die betroubaarheid van of die stiefsuster se bewering dat sy in 1966 gebore is of die stelling dat appellant op 15 Junie 1967 gebore is, aanvaar ons dat hy ten tye van die voorval tussen 20 en 21 jaar oud was.

Die feit dat hy nooit skoolgegaan het nie word in ag geneem maar dit beteken natuurlik nie op sig self dat hy onintelligent is nie. Hierdie faktor, asook appellant se nederige status in die breë gemeenskap kan uit die aard van die saak weinig gewig dra in die besondere omstandighede van hierdie aangeleentheid behalwe as 'n moontlike verduideliking

vir die feit, waarop ek hieronder terugkom, dat hy hom op geen stadium bewapen het nie, wat op sy beurt kan beteken dat hy om een of ander rede gedink het dat hy sy wederegtelike doel onontdek of sonder geweld sou bereik.

Met betrekking tot die kwessie van appellant se beweegrede het die Verhoorhof bevind dat hy na die klaagster se woning gegaan het met die doel om te steel. Dit blyk uit al die getuienis wel die geval te gewees het. Appellant het in daardie plan volhard selfs na die aanvalle op sy weerlose slagoffers. Hy is nóg deur hulle teenwoordigheid nóg deur die gevolge van wat hy aan hulle gedoen het, afgeskrik. Wat eintlik in sy guns tel, is dat anders as die oorgrote meerderheid van oortreders in hierdie soort sake hy geen wapen saamgeneem het nie. Selfs toe hy in die agterplaas beland het en die klaagster hom gesien het, het hy geen voorwerp opgetel om haar mee aan te val nie. Dit is natuurlik waarskynlik, op grond van sy kennis van die perseel en wie daar gewoon het, dat hy moes besef het dat die klaagster verset mag bied of om hulp mag roep, en dat hy dus reeds vooraf bereid was om die inwoners

met sy kaal hande te lyf te gaan. Die Staat dra egter die bewyslas om die redelike moontlikheid uit te skakel dat toe die klaagster vir appellant gedaag het hy besluit het om tot geweld oor te gaan. Die Staat het myns insiens nie in daardie taak geslaag nie. Dit is tog 'n redelike afleiding dat hy eers op daardie laat stadium besef het dat geweld nodig was om hom in staat te stel om te steel en daarmee weg te kom.

Die submitisie dat appellant onder die invloed van sterk drank was, berus uitsluitlik op sy eie getuienis. Sy bekentenis aan 'n polisie-offisier, wat as deel van die Staatsaak bewys is, maak egter geen melding hoegenaamd van drank nie. Die beskrywing van die voorval wat appellant daarin verstrek het, was samehangend en het heelwat besonderhede vervat. By die pleitverrigtinge in die landdroshof beweer hy vir die eerste keer dat hy "bietjie dronk was" en nie alles geweet het wat hy gedoen het nie. Hy het bygevoeg dat hy "nie te veel gedrink (het) nie". In sy getuienis by die verhoor egter beweer hy dat hy nie net 'n bietjie dronk was nie en dat hy eintlik niks geweet het wat hy doen nie - "dit is hier en daar wat ek nog kan onthou".

Sy getuienis op daardie aspek, asook aangaande die voorval self, is tereg deur die Verhoorhof as vals verwerp. Ek stem volkome saam met die belese regter se opmerking in hierdie verband dat

"... his actions during and after the assaults in question were purposeful and not the actions of a man in a state of drunkenness, even assuming that he had consumed some liquor".

Drank het dus geen wesenlike rol gespeel nie.

Weens verwerping van appellant se weergawe (oa dat hy op die betrokke dag van die oggend af by die klaagster gewerk het), kan nie bevind word wanneer hy besluit het om na haar woning te gaan nie, en of die bedoeling om te steel eers by hom ontstaan het toe hy moontlik net by haar perseel verbygestap het. Daar is dus geen bewys van enige wesentlike mate van voorafbeplanning nie.

Dat daar verswarende omstandighede is ly geen twyfel nie. Hier is weer eens 'n voorval waar weerlose bejaardes op hulle eie perseel op gruwelike wyse aangeval is. In gemeenskapsbelang moet die elemente van vergelding en afskrikking noodwendig sterk op die voorgrond tree. Maar nie net dit nie. Appellant het 'n

indrukwekkende lys van vorige veroordelings. Ag daarvan het diefstal of inbrake behels. Sy kriminele loopbaan het op elfjarige ouderdom begin. Tussen Januarie en Augustus 1986 is hy ten opsigte van een diefstal en twee gevalle van huisbraak altesaam 34 maande gevangenisstraf opgelê. Hy is onvoorwaardelik vrygelaat nadat hy 15 maande uitgedien het. Selfs daardie ondervinding het hom nie tot besinning gebring nie. Minder as 'n jaar na sy vrylating pleeg hy die onderhawige misdrywe. Al het hy slegs een vorige veroordeling vir 'n geweldoortreding (aanranding met die opset om ernstig te beseer met geskoende voet ten opsigte van welke misdryf R60 of 60 dae in 1982 opgelê is) leer die ervaring dat dit ongelukkig 'n kenmerk van die meeste gereelde inbrekers se loopbane is dat hulle op een of ander stadium tot ernstige geweldpleging teenoor huisbewoners of persone soos nagwagte oorgaan. Die gemeenskap verdien dus beskerming nie net teen appellant se, by hierdie tyd, vaste neiging om in te breek en te steel nie maar veral teen sy bereidwilligheid om ernstige geweld in daardie samehang te gebruik. Die voorkomingselement weeg dus ook swaar

in hierdie saak.

Aangesien die kanse van hervorming in die lig van appellant se geskiedenis uiters skraal blyk te wees, is hierdie 'n geval waar appellant na my mening permanent vanuit die gemeenskap verwyder moet word. Dit volg dat niks minder as lewenslange gevangenisstraf gepas is nie.

Behoort die uiterste vonnis opgelê te word? Aandagtig aan die erns van appellant se optrede, die toename in misdade van hierdie aard, die feit dat hy met **dolus directus** gehandel het en die vasberadenheid waarmee hy in sy aanval op die oorledene en selfs die klaagster volhard het (die mediese getuienis bewys dat dit minstens drie minute moes geneem het om die oorledene dood te wurg) is die doodvonnis ongetwyfeld 'n gepaste straf. Maar die posisie is eintlik die volgende. Indien lewenslange gevangenisstraf, in die lig van die kumulatiewe uitwerking van die tersaaklike faktore in die onderhawige saak, al die oogmerke van vonnisoplegging sou bereik, kan die doodvonnis nie die enigste gepaste straf wees nie.

Hierdie is na my mening 'n grenslyngeval.

Uiteindelik is dit appellant se jeugdige ouderdom, die afwesigheid van getuienis van voorafbeplanning en die feit dat hy onbewapen die perseel binnegetree het - alles kumulatief oorweeg - wat my tot die slotsom gebring het dat die doodstraf nie die enigste gepaste vonnis is nie. Met spesifieke verwysing na die ouderdomsfaktor, is hierdie saak wesenlik vergelykbaar met dié van S v Dlamini 1992 (1) SA 18 (A). In daardie saak het die Hof gemeen (te 31H) dat selfs waar jeugdige ouderdom nie op sigself 'n versagende faktor is nie dit nogtans tersaaklik is by die vraag of die doodstraf gepas is. Dit moet ook noodwendig ter sake wees waar die verdere vraag is of daardie vonnis die enigste gepaste straf is.

Uit hoofde van al die voorgaande meen ek dat lewenslange gevangenisstraf opgelê moet word.

Bygevolg slaag die appêl. Die doodvonnis word tersyde gestel en met lewenslange gevangenisstraf vervang.



HOWIE Wn AR

JOUBERT AR) STEM
MILNE AR) SAAM